Saam-praat-papier 15 Maart 2015

**DIE GEKRUISIGDE WAT HOOP GEE**



Luk 23:32-43

Daar is ook twee ander, albei misdadigers, weggelei om saam met Jesus tereggestel te word. (33) Toe hulle by die plek kom wat Kopbeen genoem word, het hulle Hom daar saam met die misdadigers gekruisig, die een aan sy regter- en die ander een aan sy linkerkant. (34) Toe sê Jesus: “Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie!” Hulle het sy klere verdeel deur te loot. (35) Die volk het daar gestaan en kyk. Hulle raadslede het Hom ook uitgelag en gesê: “Ander het hy gered. Laat hy homself red as hy die Christus is wat deur God uitverkies is.” (36) Ook die soldate het vorentoe gekom en Hom bespot. Hulle het vir Hom suur wyn aangebied (37) en gesê: “As jy die koning van die Jode is, red jouself.” (38) Daar was ook 'n opskrif bokant Hom: “Dit is die koning van die Jode.” (39) Een van die misdadigers wat daar gehang het, het Hom gelaster deur te sê: “Is jy dan nie die Christus nie? Red jouself en ons ook!” (40) Maar die ander een het hom tereggewys en gesê: “Is jy nie bang vir God nie? Jy ondergaan tog dieselfde straf as hierdie man! (41) In ons geval is dit regverdig, want ons ontvang die verdiende straf vir ons dade. Maar hierdie man het niks verkeerds gedoen nie.” (42) Verder sê hy: “Jesus, dink aan my wanneer U in u koninkryk kom.” (43) Jesus antwoord hom: “Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met My in die paradys wees.”

DIE GEKRUISIGDE JESUS GEE HOOP

1 JESUS TUSSEN DIE TWEE MISDADIGERS

2 JESUS VERDRA DIE UITTARTING VAN DIE MISDADIGER

3 JESUS BEANTWOORD DIE NOODKREET VAN DIE MISDADIGER

- Dink aan my > doodloopstraat > geen hoop
- Waarom anders as ander misdadiger opgetree ?
- Jesus = enigste hoop
- Vandag sal jy...saam met My...in Paradys wees
- Jesus onthou ons in ons nood!!



**SAAM-PRAAT:**

**1 Watter soort omstandighede laat mense soms voel dat hul by ‘n doodloopstraat is ?**

**2 Hoe gee Jesus se optrede of woorde vir jou hoop vir jou lewe in hierdie stukkende wêreld ?**

**3 Bespreek die stelling:** ***Ons is Jesus se oor vir mense met noodkrete in hierdie wêreld***